OESTERBAAI INWONERSVERENIGING

OYSTER BAY RESIDENTS' ASSOCIATION

VOORSITTERSVERSLAG/CHAIRPERSON'S REPORT

2020

Werksaamhede van die Bestuurskomitee

Acitivities of the Management Committee

VOORWOORD:	INTRODUCTION:
Die verslag is 'n beknopte weergawe van die werksaamhede van die Bestuurskomitee. Die daaglikse aktiwiteite van die lede van die Komitee is so veelvuldig, dat dit nie volledig in die verslag vervat kan word nie.	This report is a concise account of the activities of the Management Committee. Due to the frequency of the daily activities, a comprehensive report of all input, is not possible.
Die Covid 19 pandemie het inteendeel addisionele verpligtinge meegbring.	The Covid 19 pandemic in fact necessitated additional responsibilities.
Ons het u ingelig van Hettie (Sekretaresse) se verhuising. Ons maak weer van die geleentheid gebruik om haar innig te bedank vir haar diens aan die Oesterbaai/Umzamowethu gemeenskap.	We kept you informed of the Hetties' (Secretary) moving out of Town. We wish to again sincerely thank her for her service to the Oyster Bay/Umzamowethu community.
Ons bly tog van mening dat ons pogings tot diensleweringaan die Oesterbaai/Umzamuwetho gemeenskap, resultate lewer.	We remain of the opinion that our efforts to be of service to the Oyster Bay/Umzamowethu community bear effective results.
1. COVID 19 PANDEMIE Verantwoordelike komiteelid: Walter Kurten	**1. COVID 19 PANDEMIC** Responsible Committee Member: Walter Kurten
Byna al ons besluite en optredes is deur die Covid 19 pandemie beïnvloed. Spesiefieke Covid 19 optredes sluit die volgende in: 1.1 Voor die aanvang van die inperking het ek die Burgemeester gekontak en die OIV se hulp aangebied. Enkele dae later het hulle hulp versoek met die verspreiding van inligtingstukke en	Almost all our actions and decisions was influenced by the Covid 19 pandemic. Specific actions include the following: 1.1 We contacted the Mayor, offering assistance, before implementation of the lock down. A few days later, we were requested to assist with the distribution of information pamphlets and toilet

toiletseep in die gemeenskap wat ek van huis tot huis in Umzamowethu gedoen het. 1.2 Die eienaar van die spaza winkel in Umzamowethu het my hulp gevra met inligting oor sanitering, sosiale afstand ens. 1.3 Verspreiding van statistieke en inligting. 1.4 Skakeling met Departement van Gesondheid oor verspreiding van inligting en die voorkoming van paniek . 1.5 Skenking van R10 000-00 aan Living Waters as bystand vir hulle voedingsprojek in Umzamowethu tydens die inperking.	soap in the community, which I did house to house in Umzamowethu. 1.2 On request I assisted the owner of the spaza shop in Umzamowethu with information regarding sanitising, social distancing, etc. 1.3 Distribution of statistics and information. 1.4 Liaison with Department of Health about distribution of information and prevention of panic. 1.5 Donation of R10 000-00 to Living Waters to assist with their food project during the lock down in Umzamowethu.
2. OMGEWINGSAKE Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer U sal herroep dat tydens die AJV in 2019, intense debat gevoer is oor die rehabilitasie aan die duine. Prof. T Bornman en andere was van mening dat nie aan die goedgekeurde rehabilitasie plan van die OIV voldoen word nie. Prof. Bornman het sy besware in sy kapasiteit as Bestuurder van twee portufeuljes van SAEON, skriftelik aan DEDEAT gelig. Alle werk is onmiddellik deur die Kouga Munisipaliteit gestaak. Tesame met die vertragings wat deur Covid 19 teweeggebring is, is goedkeuring eers weer gedurende Augustus 2020 verkry om voort te gaan met die werk. Joe het 'n paar weke gedurende September hier deurgebring waartydens groot werk saam met die Munisipaliteit gedoen is. Alle bedreigings van die duine aan eiendom is verwyder. Joe was ook net betyds om 'n ramp af te weer toe die Slangrivier na goeie reëns afgekom het en die eiendom van eienaars daar bedreig het. Hierdie werk is onder Joe se leiding in ysige, gietende reën en wind gedoen. Die rehabilitasie/beplanting van die duine is ongelukkig verder deur hierdie gebeure vertraag. Die Munisipaliteit neem steeds verantwoordelikheid hiervoor.	**2. ENVIRONMENTAL AFFAIRS** Responsible Committee Member: Joe Meyer You may recall that the rehabilitation of the dunes was intensely debated during the 2019 AGM. Prof. T Bornman and others were of the opinion that the work does not measure up to the approved rehabilitation plan of OBRA. In his capacity as manager of two portfolios with SAEON, Prof. Bornman raised his objections in writing to DEDEAT. Kouga Municipality terminated all work with immediate effect. In conjunction with the delays due to Covid 19, approval for the continuation of the work, was only received during August 2020. Joe spent a few weeks in Oyster Bay during September. The amount of work done in co-operation with the Municipality was amazing. All sand threats to property was removed. Joe was also just in time to prevent a disaster when the Slang River started flowing in force after good rains threatened properties again. This work was done under Joe's supervision in pouring rain and strong wind. The rehabilitation/planting of the dunes was unfortunately further delayed by all the afore-mentioned. The Municipality remains committed to perform this.
3. WATERVOORSIENING. Verantwoordelike Komiteelid: Otto Pepler. Dit is nodig om weer genoem te word, dat die OIV die afgelope paar jaar verskeie vertoë aan die Munisipaliteit gerig het vir 3 addisionele boorgate vir Oesterbaai en Umzamowethu. Die erge droogte	**3. WATER SUPPLY** Responsible Committee Member: Otto Pepler It needs to be mentioned again that the OBRA made various representations to the Municipality for three additional bore holes for Oyster Bay and Umzamowethu. The severe drought since 2016/17

sedert 2016/17 het die Munisipaliteit genoop om geld van die Nasionale Department van Water te bekom, wat toe aanleiding gegee het tot die boor van drie boorgate in 2018. Gelde is egter in fases beskikbaar gestel, wat daartoe aanleiding gegee het dat die laaste 2 boorgate eers hierdie jaar toegerus is met pompe en aan die pyp na die opgaardam gekoppel is. Die vervanging van die hooftoevoerpyp vanaf die opvangput na die reservoir is ook hierdie jaar voltooi. Die 2020 vakansie periode sal nou 'n aanduiding gee of die addisionele bronne aan die aanvraag sal voldoen. Kragonderbrekings mag 'n probleem veroorsaak, aangesien dit nie duidelik is wat die vermoë van die noodkrag sal wees om die pompe aan te dryf nie. Die watervoorsieningsituasie bly dus onseker. 'n Beroep word op die inwoners en besoekers gedoen om die waterbeperkings te gehoorsaam.	compelled the Municipality to acquire funds from the National Department of Water, which then enabled them to sink three bore holes in 2018. Funds were made available in phases though. The bore holes was therefore only equipped this year with pumps and coupled to the pipe to the reservoir. The replacement of the main supply pipe from the sump to the reservoir was also completed this year. The 2020 holiday season will indicate if the additional supply will meet the demand. Power outages may cause problems, because it is not clear if the emergency power supply will enable the pumps to function effectively. The supply of enough water remains in question. We therefore again appeal to all residents and visitors to obey the water restrictions.
4. GEMEENSKAPSAAL Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk Ingevolge die bepalings van die ooreenkoms met die Munisipaliteit, is aansoek gedoen vir verlenging van 'n verdere jaar vir die bestuur van die saal deur die OIV. Raadslid Benson het my ook ingelig gehou oor die mening van die Munisipaliteit se regsbeampte. Sy huldig die mening dat die OIV moet aansoek doen vir 'n beter geformuleerde Memorandum van Onderneming, wat vir langer tydperke voorsiening maak en die rolle en verpligtinge van die partye beter te omskryf. Sodanige versoek is dan ook in die OIV se brief aan die Munisipale Bestuurder vervat. Die Covid inperking het daartoe gelei dat die gebruik van die saal uiters beperk was. Een klas van Sandwater Skool het saal gebruik ten einde sosiale afstand by die skool te vergemaklik.	**4. COMMUNITY HALL** Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk In accordance with the management agreement with the Municipality, application was done for the extension of the agreement for a further one year. Councillor Benson kept me informed about the Manager Legal Affairs of the Municipality. She is of opinion that OBRA should apply for a better formulated Memorandum of Agreement, making provision for longer periods of management and in which the role and obligations of the parties are better formulated. We applied accordingly in our letter to the Municipal Manager. The Covid lock down resulted in very limited usage of the hall. One class of the Sandwater School was accommodated in the hall to assist in social distancing.
5. AFVALSTORTINGSTERREIN Verantwoordelike Komiteelid: Lana Pepler Die Bestuur en instandhouding van die afvalstortingsterrein het hierdie jaar erg agteruitgegaan. Die aanvanklike ondernemings van	**5. REFUSE DUMPING SITE** Responsible Committee Member: Lana Pepler Management and maintenance of the dumping site deteriorated this year and was recently in bad state. The initial undertakings by the Municipality

die Munisipaliteit is nie nagekom nie. Hierdie situasie is per e-pos aan die Munisipale Bestuurder gekommunikeer met foto's om die swak situasie te illustreer. Binne dae was daar wel reaksie en is die terrein opgeruim. Die waghuis is egter byna in totaliteit afgebreek en die terrein word steeds nie snags gesluit nie. Verdere versoeke sal gerig word. Ongelukkig ervaar ons dat sekere inwoners hulle rommel voor die hek stort wanneer die terrein na-ure gesluit is. Ons moedig die toesighouer aan om hierdie persone by die Munisipale Polisie aan te kla. Ons versoek weereens dat u by vertrek die vullis-sakke nie op die sypaadjie sal laat nie. Dit word oopgeskeur deur honde, ape ens. Neem u sakke asb. na die stortingsterrein en indien dit gesluit is, plaas dit in een van die blou vullisdromme wat deur Bestuurskomitee op verskeie plekke aangebring is.	were not adhered to. This situation was brought to the attention of the Municipal Manager per email. Photos was included to demonstrate the situation. Reaction followed within days and the site was cleaned up. The guard house was damaged beyond repair. The site is not being locked up at night. We unfortunately experience that some residents dump their trash in front of the gate when the site is locked up after hours. We encourage the Supervisor to report these residents to the Municipal Police. We again appeal to you not to leave trash bags on the pavement when leaving. Dogs, monkeys etc. scatter the contents. Please take your bags to the Rubbish Site if it is closed, please dump it in any of the blue trach drums which the Management Committee has erected at various spots.
6. PAAIE Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer Joe het gedurende die jaar weer herstelwerk aan die paaie gedoen. Hy onderneem ook om voort te gaan om slaggate te vul. Na verskeie vertoë oor maande is die toegangspad na en interne paaie in Umzamowethu geskraap. Beide die Humansdorp en St Francis paaie het nuwe bolae gekry en is goed kompakteer. Die toegangspad na Oesterbaai is ook onlangs herstel met 'n nuwe gruislaag en kompaktering. Hierdie pad was vir maande vol gevaarlike slaggate. Na verkeie gesprekke en korrespondensie is reaksie gekry.	**6. ROADS** Responsible Committee Member: Joe Meyer Joe performed some repairs to the roads during his visit in August. Joe will also do maintenance to the previous repairs in December. Following various representations over months, the access and internal roads of Umzamowetho was graded. The Humansdorp and St Francis roads was well gravelled and compacted. The access road into Oyster Bay was also recently Repaired with a layer of gravel and compacted. This road was a hazard due to deep pot holes. We received reaction after many calls and correspondence.
7. KOMMUNIKASIE EN NUUSBRIEWE Verantwoordelike Komiteelede: Fanie Groenewald, Hettie Jooste en Walter Kurten Die Bestuurskomitee het besluit om voort te gaan om sake van belang per WhatsApp groepe te kommunikeer. Uit die hoeveelheid versoeke vir byvoeging van kontakte tot die groepe en vir	**7. COMMUNICATION AND NEWS LETTERS** Responsible Committee members: Fanie Groenewald, Hettie Jooste en Walter Kurten The Management Committee decided to continue our communication per WhatsApp groups. The number of requests for adding of contacts and placing of news, indicate this manner of

plasings van nuusgebeure, blyk dit dat WhatsApp die beste wyse van kommunikasie is. Ons jaarlikse Desember Nuusbrief, Oesterbaai Nuus 2020, is weer deur Fanie saamgestel. Die OIV dra hierdie jaar die koste, aangesien die Covid pandemie die verkryging van 'n borg vir die druk en verspreiding bemoeilik.	communicaton to be effective. Our annual newsletter, Oyster Bay News 2020, was again compiled by Fanie. OBRA will have to fund the printing and distribution. The Covid pandemic prevented us from sourcing a sponsor.
8. BRANDWEER Verantwoordelike Komiteelid: Riekie Pienaar Adriaan het gereël dat die brandblussers in die saal gediens word. Covid 19 het die prioriteite van die Munisipaliteit verander. Die bou van die brandweerdepot sal weer in die nuwe jaar tydens IDP vergaderings en met die Burgemeester opgeneem word.	**8. FIRE BRIGADE** Responsible Committee member: Riekie Pienaar Adriaan arranged for servicing of the fire extinguishers in the Hall. Covid 19 changed the priorities of the Municipality. The building of the Fire Brigade depot will again be placed on the agenda of IDP meetings and be addressed with the Mayor.
9. OBZAMU Verantwoordelike Komiteelid: Adriaan van Wyk Covid 19 en die gepaardgaande inperking het 'n baie negatiewe invloed op die meerderheid inwoners van Umzamowethu gehad. Voedselnood was groot. Ons is dankbaar teenoor Living Waters wat hier grootliks voorsien het en dat ons die bydrae van R10 000 tot hierdie projek kon maak. Ons is uiters dankbaar dat die getal Covid infeksies tot enkeles beperk was, gesien in die lig van die behuisingsnood waar die hou van sosiale afstand byna onmoontlik is. Die afsterwe van Hennie Ferreira (gewese skoolhoof) van Sandwater Primêre Skool, net na die skole heropen het, het die Umzamowethu gemeenskap swaar getref. Hy het omvattende reëlings met ons getref vir die gebruik van die saal vir een klas, om die handhawing van sosiale afstand by die Skool te vergemaklik. Die skool is ook enkele kere gesluit vir sanitering nadat kontakte wel identifiseer is. Gelukkig het die Departement van Onderwys die aanstelling van drie tydelike onderwysers goedgekeur. Ongelukkig kon ook nie voortgegaan word met die handvaardigheidsprojekte wat in 2019 weer op die been gebrings is nie.	**9. OBZAMU** Responsible Committee Member: Adriaan van Wyk Covid 19 with the associated lock down had serious negative effects on the majority of the residents of Umzamowethu. Food shortage was huge. We are thankful towards Living Waters who provided largely in this regard. We are also thankful that we were in the position to contribute R10 000 towards their feeding project. The number of Covid infections was limited to a few. We are thankful for the limited number of infections, in view of the housing need which make keeping of social distance virtually impossible,. The death of Hennie Ferreira (late school principal) of Sandwater Primary School shortly after reopening of the schools, had a very negative influence on the Community of Umzamowethu. He made extensive arrangements with us to utilise the hall for one class, to optimise social distancing at the School. The School was also closed a couple of times for sanitising due to contacts being identified. Fortunately the Department of Education approved the appointment of three temporary teachers during this time. The hand craft skill projects which Adriaan started again in 2019, also had to be put on hold.

Die swak sosio-ekonomiese situasie, die gepaardgaande drank en dwelmmisbruik en die toenemende werkloosheid, veral onder jong mense, bly die grootste uitdaging.	The bad socio economic situation, the associated alcohol and drug misuse and the increasing number of unemployed young people, remains the most serious challenge.
10. VUURWERKE Die gebruik van vuurwerke is onwettig. Ons doen 'n ernstige beroep op almal om geen vuurwerke of papierlanterns te gebruik nie. Die brandgevaar is enorm groot.	**10. FIRE WORKS** The use of fire works are illegitimate. We appeal to all to refrain from the firing of fire works or use of paper lanterns. The fire hazard is extreme.
11. HONDE OP DIE STRAND Kom ons ag mekaar in goeie Oesterbaaigees deur nie ons liewe honde sonder leibande op die strand te neem nie.	**11. DOGS ON THE BEACH** We appeal to all to co-operate in good Oyster Bay spirit. Please do not allow dogs on the beach if not on a leash.
12. LEWENSREDDERS Verantwoordelike Komiteelid: Joe Meyer Die lewensredders word deur die Munisipaliteit voorsien.	**12. LIFE GUARDS** Responsible Committee Member: Joe Meyer The Municipality provide the life guards.
13. KERSMARK Verantwoordelike Komiteelede: Fanie Groenewald & Riekie Pienaar. Die bedreiging van Covid 19 en die beperking op die hoeveelheid mense by samekomste, het die organisering van 'n Kersmark hierdie jaar in die wiele gery.	**13. CHRISTMAS MARKET** Responsible Committee members: Fanie Groenewald & Riekie Pienaar. The threat of Covid 19 and the limitation on the number of people at gatherings, prevented OBRA from organising a market this year.
14. KERSDIENS Vanweë die risiko van infeksie met Covid 19 sal geen Kersdiens ongelukkig hierdie jaar gehou word nie,. Daarbenewens is dit nie moontlik om die getal bywoners te beperk nie.	**14. CHRISTMAS SERVICE** Unfortunately it will be impossible to have a Christmas service this year, due to the risk of infection with Covid 19. It will also not be possible to limit the number of attendees.
15. FINANSIES Verantwoordelike Komiteelid: Martiens Kunneke. Ons bedank die Tesourier vir sy nougesette bestuur van ons finansies. Die aangehegte finansiële state sal deur Martiens bespreek word. Die Bestuurskomitee probeer alle werk op die mees ekonomiese wyse uit te voer en wend deurlopend ook persoonlike fondse aan.	**15. FINANCE** Responsible Committee member: Martiens Kunneke We thank our Treasurer for his devoted management of our finances. Attached find the financial statements. Martiens will explain. The Management Committee endeavour at all times to perform duties as economically possible and members often utilise personal funds.

Die OIV is totaal afhanklik van skenkings om sy belangrike werksaamhede te volvoer. Die ledegelde alleen dek maar 'n baie klein deel van die uitgawes. Ons is daarom baie dankbaar vir die skenkings wat ontvang word. Dit is ongelukkig baie beperk en moet ons vriendelik maar ernstig vertoë rig dat ons lede moet hulp verleen om met werksaamhede te kan voortgaan. Die Bestuurskomitee is in besonder besorg oor die inkomste vir 2021. Die pandemie het ook verskeie invloede op ons lede, verseker ook finansiëel. Vanwëe die afstel van die Kersdiens, verbeur die OIV ook die inkomste uit die kollekte. Die OIV se voortbestaan is nou meer as ooit afhanklik van donasies deur ons lede.	The OBRA is totally dependant on donations to perform this most important work. The membership fees cover a small portion of the expenses. We are thus very thankful for all donations. The donations are unfortunately also limited. We therefore extend a serious request to members for donations to enable us to continue with our responsibilities. The Management Committee is highly concerned about our income for 2021. The pandemic influences our members in various ways, surely also financially. With the cancellation of the Christmas Service, the income from offertory is also forfeited. The OBRA is more than ever dependent on donations from our members for its survival.
16. LIDMAATSKAP Opbetaalde ledetal: 181 (71 huishoudings) Nogmaals word 'n beroep gedoen op alle eienaars/ inwoners/enige persoon wat ons pragtige Dorp se belange op die hart dra om as lede van die Vereniging te registreer. Elke lid van 'n gesin kan apart registreer. Lidmaatskapsgelde van net R50-00/persoon vir 2021 is reeds vanaf 1 November 2020 betaalbaar. Gelde kan by enige Bestuurskomiteelid betaal word. U word aangemoedig om die gelde direk in ons rekening in te betaal met u naam en Erfnr. as verwysing. Bankbesonderhede: ABSA Bank Tak: 632005 Rek. Nr. 4052178885 Bewys van deposito aan: martiens@lantic.net	**16. MEMBERSHIP** Total members in good standing: 181 (71 house holds) We appeal again to all residents/property owners and any person who identify with this beautiful Town to register as members of the Association. Each member of a household may register separately. Membership fees of only R50-00/person for 2021 is payable as from 1 November 2020. Fees are payable at any Committee Member. We encourage all to transfer fees to our account. Your Name and Plot No. as reference. Banking details: ABSA Bank Branch: 632005 Acc. No. 4052178885 Proof of Payment to: martiens@lantic.net
17. VERFRAAIING VAN DIE DORP Die Munisipaliteit het 'n groot agterstand met die instandhouding van sypaadjies gedurende die	**17. BEAUTIFYING OF THE TOWN** A large backlog developed with the maintenance

inperking laat ontstaan. Tog het hulle wel op ons versoek die gras kom sny, maar die ontbossing het oorgestaan.	of the pavements during log down. On our request they did mow the grass. The removing of bushes will only be done next year.
18. BIBLIOTEEK Ons Biblioteek was 'n uitkoms vir vele van ons inwoners in die moeilike pandemie periode. Alle dank hiervoor aan Hylien de Jonge en Anita Swanepoel wat die Biblioteek nougeset beman en 'n heerlike atmosfeer skep, ten spyte van die pandemie.	**18 LIBRARY** Our Library was a pleasant relieve for our residents in the difficult pandemic time. All our thanks to Hylien de Jonge and Anita Swanepoel for their conscientious management of the Library and the warm atmosphere they created during the pandemic.

Die Bestuurkomitee wens elkeen 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Gesonde 2021 toe.

Ons vertrou dat ons op u ondersteuning kan staatmaak in die komende jaar.

The Management Committee wishes all a Merry Christmas and Prosperous and Healthy 2021.

We trust that we may rely on your support in the new year.

Walter.

Walter Kurten

Voorsitter/Chairperson